

16 April

Skrifgedeelte: Hebreërs 7:15-28

Fokusgedeelte: Hebreërs 7:28

Jesus die ewige en volmaakte Hoëpriester

"Jy is priester vir ewig volgens die priesterorde van Melgisedek" (Psalm 110:4) is die teks van die preekbrief. Jesus is die ewige Priester van wie die Psalm profeteer. Wie ook al begin twyfel aan Jesus word herinner aan die hoofsaak van die evangelie: Die Seun het mens geword om sondaars van hulle sondeskuld vry te maak. As Hoëpriester het Hy die volle verlossing bewerk. Wie tot geloof in Jesus Christus gekom het, moet aan hierdie belydenis vashou.

Maar hoe het Hy die verlossingswerk gedoen en watter waarde het dit vir mense op aarde?

Op 'n besondere manier word die priesterorde van Melgisedek op die Seun se verlossingswerk toegepas. Volgens die priesterorde van Aäron is die Leviëte as priesters georden. Maar dit was 'n gebrekkige priesterskap. Dit was tydelik, omdat die priesters sterflike mense was. Offers was onvolmaak en moes daaglik en jaar vir jaar herhaal word. Dit kon nie die sondes wegneem nie omdat die priesters self sondaars was.

Die Seun van God kon egter nie 'n priester van daardie orde wees nie, omdat Hy nie 'n Leviëte was nie. Hy was volgens Melgisedek se priesterorde Hoëpriester. God het Hom self met 'n eed aangestel. Dit is 'n ewige, volmaakte priesterskap. Die Seun is God - ewig, volmaak en sonder sonde. Sy eenmalige offer was voldoende om die sondeskuld weg te neem. As ons Hoëpriester tree Hy nog in by die Vader op grond van sy sondeoffer.

Wie die Seun verwerp, verwerp sy Hoëpriesterlike werk. Dan is daar geen verlossing vir jou sondes nie.

Sing: Psalm 103:5,6

Dr Callie Opperman (Windhoek-Suid)